WINTERHOEK OPVOEDKUNDIGE TRUST

HUIS T.C. BOTHA

Dowsstraat 11, Mosel, Uitenhage, 6229

*275-815 NPO*

## HUIS T.C. BOTHA SENIOR- EN JUNIORNASORG

### Liewe Voornemende Ouer/Voog

Huis TC Botha bied twee nasorg-opsies aan:
- Junior-nasorg: vir leerders vanaf Graad RR tot Graad 2/3, aangebied by Handhaaf se Klubhuis (Channerstraat).
- Senior-nasorg: vir leerders vanaf Graad 3/4 tot Graad 7, aangebied by Handhaaf se Koshuis (Dowsstraat).

Ons vra vriendelik dat u hierdie inligting deeglik deurlees en kennis daarvan neem.

### Inligting ten opsigte van die Nasorge:

1. TYE

Junior – Maandae tot Vrydae. Die nasorg sluit stiptelik 17:00.

Senior – Maandae tot Vrydae. Die nasorg sluit stiptelik om 17:30.

ALGEMEEN
- Geen leerders kan ná hierdie tye geakkommodeer word nie.
- Ouers word versoek om leerders persoonlik af te haal. Indien dit nie moontlik is nie, moet skriftelike toestemming aan die nasorgsentrumbestuurder gegee word dat die betrokke leerder in die sorg van ’n ander persoon gelaat kan word.
- Indien ’n ouer weens onvoorsiene omstandighede nie die leerder betyds kan afhaal nie, is dit die plig van die ouer om die nasorg betyds te kontak sodat reëlings getref kan word.
- Die nasorg is tydens skoolvakansies en publieke vakansiedae gesluit.

2. VERVOER

Junior
- Graad RR en R-maats word by hulle klasse gaan haal.
- Gedurende die eerste paar weke sal die nasorgassistente die Graad 1-maats ook by die klasse kry.
- Graad 2- en 3-leerders beweeg selfstandig na die Klubhuis wanneer die skool uitkom.

Senior
- Leerders moet stiptelik ná skool by die koshuisbus by die bushuisies aanmeld.
- Hulle word saam met die koshuisleerders na die koshuis vervoer.
- Leerders wat ná 14:20 sport oefen, sal deur die opsigter of die betrokke afrigter by die koshuis afgelaai word.

3. MIDDAGETE

**Junior**

- Neem asseblief kennis dat geen middagetes in 2026 voorsien sal word nie.
- Leerders kan wel hulle eie kos saambring en dit warm maak in die Klubhuis.
- Basiese kombuisgeriewe sal beskikbaar wees.

**Senior**

- ’n Ligte middagete word voorsien aan leerders kort na hul aankoms by die koshuis ná die sportperiode (ongeveer 14:45).
- Daar is ook seisoenale vrugte en koeldrank of water beskikbaar.

4. STUDIE

**Junior**

- Graad R: Huiswerk word minimaal gedoen.
- Graad 1 – 3: Huiswerk word in groepverband gedoen.
- Stimulerende aktiwiteite (Legkaart, inkleur, ens.)
- Elke leerder se huiswerk word individueel nagesien en gekorrigeer.

**Senior**

- Graad 3 – 7: Studie met toesig en hulp vind daagliks vanaf 15:00 tot 16:30 plaas.
- Let wel: Indien ’n leerder laat sport beoefen en eers om 15:30 by die koshuis aanmeld, mag dit gebeur dat huiswerk nie voltooi word nie.

**ALGEMEEN**

- ’n Personeellid teken die werk wat gedoen is af.
- Die huiswerkboek moet ook deur u as ouer nagesien word.
- Indien huiswerk voltooi is, mag leerders buite speel.
- Alle dagsorgleerders moet verpligte studietyd bywoon. Ouers word versoek om die belangrikheid hiervan by hul kinders in te skerp, aangesien dit tot die beste belang van die leerder is.
- Leerders is self verantwoordelik daarvoor om huiswerk in hul huiswerkboekies af te skryf, sodat die toesighouer weet wat voltooi moet word.
- Die nasorg is nie ’n een-tot-een tutorfasiliteit nie. Hulp word egter verleen waar leerders sukkel of iets nie verstaan nie.
- Leerders moet sorg dat die korrekte boeke en notas ingepak word, veral tydens toetstye. Dit gebeur dikwels dat leerders nie die regte materiaal het tydens studietyd nie.

5. KOMMUNIKASIE

- Dit is vir ons belangrik dat u asseblief met die nasorgbestuurder sal kommunikeer indien u kind nie op sekere dae by die nasorg sal wees nie of indien u kind siek is.

6. KOSTES

**Junior**

- Die kostes beloop R800 per kind per maand, betaalbaar oor 11 maande, vanaf Januarie – November. (R500 Registrasiefooi betaalbaar)

**Senior**

- Die kostes beloop R990 per kind per maand, betaalbaar oor 11 maande, vanaf Januarie – November. (R500 Registrasiefooi betaalbaar)

ALGEMEEN

- Betalings is maandeliks vooruitbetaalbaar voor of op die 7de van elke maand en kan kontant by Handhaaf se finanskantoor inbetaal word of 'n EFT kan gedoen word na die volgende rekening:

| | |
|---|---|
| Rekeningnaam: | Winterhoekopvoedkundige Trust |
| Bank: | ABSA Tjekrekening |
| Takkode: | 623005 |
| Rekeningnommer: | 4062500222 |
| Verwysing: | Nasorg en kind se naam |

- Indien die nasorggelde nie betaal word nie, sal u kind nie toegelaat word om verder deel te wees van die nasorg nie.
- Geen krediet sal verleen word vir dae wat leerders nie van die diens gebruik maak nie.
- Registrasie- of administrasiefooi van R500 is onmiddellik betaalbaar nadat u die aanvaardingsbrief vir u kind ontvang het.
- Hierdie R500 word van die eerste paaiement afgetrek, sodat u slegs die verskil vir die eerste paaiement hoef te betaal.

7. KANSELLASIE VAN NASORG

Indien u die nasorg wil kanselleer is u onderworpe aan een kalendermaand se skriftelike kennisgewing.

8. VEILIGHEID

Die nasorgpersoneel sal altyd u kind se veiligheid eerste stel, maar u moet besef dat ons nie verantwoordelik gehou kan word vir optrede deur medeleerders se gedrag of beserings wat opgedoen word wanneer hulle die speelapparate gebruik of speletjies speel nie.

9. DISSIPLINE

Streng maatreëls met betrekking tot dissipline sal geld. Leerders wat probleme veroorsaak sal slegs 3 kanse ontvang, waarna u kind gevra sal word om die nasorg te verlaat. Enige probleme moet asseblief onmiddellik onder die nasorgbestuurder se aandag gebring word.

10. ALGEMEEN

- Dit is uiters belangrik dat al jou kind se items gemerk moet wees.
- 'n R50 fooi sal gehef word vir elke 15 minute wat leerders laat kom haal word, tensy vooraf reëlings met nasorgbestuurder getref is.
- Elke huisgesin moet die volgende op die eerste dag van nasorg saambring:

  * 1 pak van 9 toiletrolle
  * 1 pak pleisters
  * 1 boks tissues
  * 1 pak watte
  * 1 dik pak wit fotostaatpapier
  * 1 x 288 A4 hardeband skryfboek

WINTERHOEK OPVOEDKUNDIGE TRUST

AANSOEK OM TOELATING TOT NASORG - 2026

Toelating tot: Junior Nasorg ☐

Senior Nasorg ☐

Van: ……………………………………………………………………………………

Volle naam: ……………………………………………………………………………………

Noemnaam: ……………………………………………………………………………………

Adres: ……………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………

Geboortedatum: ………………………………… Graad in 2026: …………………………

Besonderhede van ouers:

| | Vader/Voog | Moeder/Voog |
|---|---|---|
| Volle naam | | |
| ID nr. | | |
| Tel nr. werk | | |
| Sel no. | | |

Alternatiewe vervoer kontakpersoon: ……………………………………………… Kontak no: ………………………………

Huisdokter: ……………………………………………………………………… Tel no: ………………………………………………

Allergieë of siektes waarvan ons moet kennis neem:

……………………………………………………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………………………………………………

Aktiwiteite waaraan leerder deelneem binne skoolverband (bv. rugby, netbal, tennis, ens.)

……………………………………………………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………………………………………………

Aktiwiteite buite skoolverband (bv. ballet, karate, ens.)

……………………………………………………………………………………………………………………………………………

……………………………………………………………………………………………………………………………………………

………………………………………… ………………………………

Handtekening van ouer/voog Datum

WINTERHOEK OPVOEDKUNDIGE TRUST
ONDERNEMING – NASORG

Hiermee verklaar ons/ek, ………..………………………………………………………………………………………… ouer/voog van ……………………………………………………….………………………………… dat ons/ek kennis geneem het van die reëls van die Nasorg by Huis T.C. Botha en verbind ons/my om daarby te hou.

Ek onderneem ook om my kind/kinders se nasorggelde voor/op die 7de van elke maand te betaal. Ek verstaan dat indien my kind/kinders se nasorgfooi vir een maand agterstallig is, hy/sy nasorg geweier sal word totdat die volle uitstaande bedrag vereffen is. Ek onderneem ook hiermee om die nasorg een kalendermaand kennis te gee indien ek om welke rede ookal my kind uit die nasorg verwyder. Ek neem ook kennis dat indien my kind ongehoorsaam is, hy/sy die nagevolge sal dra.

U verbintenis tot die nasorg sal van jaar tot jaar van krag bly, mits u kanselleer soos beskryf.

| | |
|---|---|
| ……………………………………… | …………………………………… |
| Handtekening van moeder/voog | Handtekening van vader/voog |
| ……………………………………… | …………………………………… |
| Datum | Datum |

# LAERSKOOL HANDHAAF

## MEDIESE BESONDERHEDE

Naam van ouer/voog: ______________________________

Volle name van kind: ______________________________

Naam van mediese fonds: ______________________________

Lidmaatskapnommer: ______________________________

Naam van hooflid: ______________________________

Telefoonnommers:

Kind: ______________________________

Ma: ______________________________

Pa: ______________________________

Enige medikasie en/of allergie: ______________________________

My kind moet na privaat hospitaal/provinsiale hospitaal geneem word indien sy beseer is.
*(Skrap wat nie van toepassing)*

"Die persoonlike inligting wat in hierdie vorm versterk word, word benodig vir mediese besonderhede vir toere, asook sportgeleenthede. In die geval van versuim om die nodige inligting te versterk sal u kind ongelukkig nie op die toer kan gaan nie.

Ons/ek, …………………………………………… verskaf hiermee vrywillig die persoonlike inligting soos benodig en gee toestemming dat die inligting verwerk word vir die doel waarvoor dit benodig word."

………………………………………………… HANDTEKENING

………………………………………………. DATUM

<u>Voorsien asb</u>:

- Afskrif van u mediese kaart.
- Afskrif van die hooflid se identiteitsdokument.
- Indien u nie 'n mediese fonds besit nie, moet u dit so aandui op die afskrif van die identiteitsdokument.

*<u>Geen hospitaal is bereid om enige pasiënt te behandel sonder hierdie dokumente nie.</u>*

*<u>EIE MEDIKASIE EN ALLERGIESE TOESTANDE MOET VOOR DIE TYD ONDER DIE NASORGBESTUURDER SE AANDAG GEBRING WORD.</u>*